# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF



*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

22 Mei 2026
**NUUSBRIEF 18/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskool Sport:** Al ons spanne het verlede Saterdag aan die Montagu Sportdag deelgeneem en het mooi prestasies gelewer teen sterk kompetisie. Hierdie naweek neem ons laerskool deel aan die Swellendam Sportdag. Die o.7 – o.9 spanne speel reeds vandag hulle wedstryde. Sterkte aan ons spanne! Ons hoop julle geniet die dag vol opwinding.

   Baie sterkte aan **Luan du Toit** wat hierdie naweek deelneem aan die finale Bolandproewe wat in Rawsonville gehou word. Ons glo dat hulle jou talent sal raaksien en dat jy goeie nuus sal kry.

2. **Hoërskool Sport:** Ons o.15- en o.19-rugbyspanne het Dinsdag teen Swellendam Sekondêr gaan speel. Ongelukkig het die netbalwedstryde uitgereën. Ons seuns was dapper en het hard gewerk om oorwinnings te behaal. Baie geluk! Môre speel ons hoërskoolspanne teen HS Montana, in Worcester. Ons sien uit na mooi spel en goeie uitslae. Reëlings vir busvervoer sal deurgegee word.

3. **Wintersdrag:** Alle Bonnies behoort op hierdie stadium ons wintersdrag-reëls na te kom. Indien daar nog leerders is wat steeds nie dasse het nie, vra ons dat hulle dit asb. nou sal afhandel sodat almal korrek geklee is.

4. **Mnr. & Mej. HSB:** Ons sê baie geluk aan ons 2026 wenners:

   Mnr. HSB - **Kyle Willemse**
   Mej. HSB - **Jada-Lee Lagorie**
   1ste Prins - **Tylor Anderson**
   1ste Prinses - **Dené Siegelaar**
   Jnr. Mnr. - **Avuyonke Msweswe**
   Jnr. Mej.- **Sinawe Mdidimba**
   Mnr. Persoonlikheid - **Ronwin Matjan**
   Mej. Persoonlikheid - **Rineke Coert**
   Mnr. Sosiale media - **Jamian Reiners**
   Mnr. Sosiale media - **Chelsea Pieters**
   Kreatiewe video - **Gian Daniels & Rineke Coert**
   Kreatiewe lopie - **Libubuhle Tyhalisisu & Daniel Bosman**

   Baie dankie aan almal wat die spesiale aand kom geniet het en die wat agter die skerms 'n baie belangrike rol gespeel het. **'n Spesiale dankie aan ons borge: Monique's Health and Beauty, TimJan, Outdoor Arena en Hair Exclusive.**

5. **Akademie:** Die eksamen is nou op ons! Ouers moet asb. ondersteun, motiveer en toesien dat ons leerders nou hard werk vir die eksamen. Gee spesiaal aandag aan die vakke waarin jy voorheen nie so goed gevaar het nie. Leerders kan gerus ook naweke gebruik en vooruit beplan vir dae wanneer daar te min tyd is om al die werk baas te raak. Ons Graad 12's skryf hierdie eksamen departementele vraestelle.

6. **Karate:** Baie geluk aan die volgende leerders wat aan die nasionale **SAGA Karate kampioenskappe** by HS De Kuilen, te Kuilsrivier, deelgeneem het op Saterdag **16 Mei 2026.**

   Maronique Presence – Goud
   Daneil Bosman - Goud
   Retha-Mari Steyn – Silwer
   Inathi Mabuthile – 4de
   Ruben Potgieter – 5de
   Lunathi Mabuthile – 5de

7. **Redenaars:** 'n Paar van ons Graad 11-leerders van Hoërskool Bonnievale het gister, 21 Mei, aan die jaarlikse Western Cape Museum Speech Competitions 2026 in Montagu deelgeneem. Altesaam 20 leerders van vyf skole in ons omgewing het aan hierdie prestigegeleentheid deelgeneem. HSB se deelnemers was **Aaliyah Alas**, **Osisipho Hlomedlini**, **Melzané September** en **Ricalin Adams**. Ons spog graag met Ricalin Adams, wat die eerste plek in die kompetisie behaal het en deurgedring het na die volgende rondte. Ons is ongelooflik trots op ons dames vir hul toewyding, oorspronklikheid en uitstekende gees tydens die kompetisie. As ekstra beloning het die dames ook 'n geborgde dag by Avalon Springs Resort ontvang. Baie geluk en welgedaan aan al vier ons deelnemers!

8. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 22 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.7 – O.9) |
| Sa. 23 Mei | LS Swellendam Sportdag (O.10 – O.13)<br>HS Sport vs Montana (weg) |
| Wo. 27 Mei | HS Sport vs HS Barrydale (tuis) – ons onderhandel nog hieroor (volgende dag eksamen) |
| Do. 28 Mei | Mnr. Hattingh verjaar |
| So. 31 Mei | Juf. Viljoen verjaar |
| Vr. 26 Jun | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**"Jy weet nooit hoe sterk jy is nie, totdat sterk wees jou enigste opsie is"**







Rugby- en Netbaluitslae

# Montagu Sportdag - 16 Mei 2026

## Netbal

| SPAN | TEEN | PUNTE VIR | PUNTE TEEN | W/V |
|---|---|---|---|---|
| 7 A | LS Montagu | 4 | 0 | W |
| | Robertson Voorbereiding | 2 | 3 | V |
| 7 B/C | Robertson Voorbereiding | 0 | 5 | V |
| | LS Ashton | 0 | 1 | V |
| | LS Montagu | 1 | 9 | V |
| 8 A | LS Montagu | 1 | 4 | V |
| | Ashbury Primêr | 3 | 2 | W |
| 8 B | LS Ashton | 1 | 4 | V |
| | LS Montagu | 4 | 0 | W |
| | LS Overberg | 0 | 9 | V |
| 9 A | Robertson Voorbereiding | 4 | 1 | W |
| | Ashbury Primêr | 9 | 1 | W |
| 9 B | Robertson Voorbereiding | 2 | 3 | V |
| | LS Overberg | 1 | 5 | V |
| | LS Montagu | 1 | 5 | V |
| 10 A | LS Montagu | 8 | 9 | V |
| | Ashbury Primêr | 5 | 2 | W |
| 10 B | LS Overberg | 3 | 11 | V |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | LS Montagu | 1 | 4 | V |
| 11 A | LS Montagu | 5 | 4 | W |
| | Ashbury Primêr | 7 | 0 | W |
| 11 B | LS Montagu | 5 | 3 | W |
| | Robertson Voorbereiding | 0 | 7 | V |
| 12 A | LS Montagu | 5 | 14 | V |
| | LS Overberg | 9 | 9 | G |
| 12 B | LS Overberg | 0 | 2 | V |
| | LS Robertson | 3 | 5 | V |
| 13 A | LS Robertson | 7 | 7 | G |
| | LS Overberg | 9 | 8 | W |
| 13 B | LS Overberg | 6 | 3 | W |
| | LS Ashton | 6 | 10 | V |
| | LS Montagu | 8 | 8 | G |

| Rugby | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **SPAN** | **TEEN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 | Ashbury Primêr | 6 | 5 | W |
| | LS Overberg | 1 | 6 | V |
| | LS Montagu | 2 | 1 | W |
| 8 | Ashbury Primêr | 7 | 3 | W |
| | Robertson Voorbereiding | 4 | 4 | G |
| | LS Montagu | 7 | 6 | W |
| 9 | Ashbury Primêr | 2 | 3 | V |
| | Robertson Voorbereiding | 1 | 9 | V |
| 11 | Ashbury Primêr | 15 | 0 | W |
| | LS Overberg | 0 | 5 | V |
| | LS Ashton | 0 | 10 | V |
| | LS Montagu | 10 | 0 | W |
| 13 | Ashbury Primêr | 25 | 5 | W |
| | LS Overberg | 10 | 20 | V |

**Rugbyuitslae - 19 Mei 2026**

| Rugby | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **SPAN** | **TEEN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 15 A | Swellendam Sekondêr | 21 | 17 | W |
| 19 A | Swellendam Sekondêr | 22 | 15 | W |